## BELANGRIKE INLIGTING EN RIGLYNE

**INDIEN DIE OPGAWE NIE BY HIERDIE KANTOOR VOOR OF OP 31 MAART 2017 INGEDIEN IS NIE, KAN 'N BOETE GEHEF WORD, INTERME VAN ARTIKEL 83(6)(b) VAN DIE WET, MAG DIE DIREKTEUR-GENERAAL DIE VERDIENSTE BERAAM. 'N BOETE VAN HOOGSTENS 10% (TIEN PERSENT) VAN DIE FINALE AANSLAG MAG GEHEF WORD INTERME VAN ART. 83(6)(a)**

## WIE IS 'N WERKNEMER SOOS BEDOEL IN DEEL 2.

"Werknemer" beteken iemand wat 'n diens- of vakleerlingskap- of leerlingskapkontrak met 'n werkgewer aangegaan het of daar volgens werk, hetsy die kontrak uitdruklik of stilswyend, mondeling of skriftelik is, en of die vergoeding bereken word deur tyd of werk gedoen, of kontant of *in natura* is en sluit in -

- Stuk/tydelike werknemer in diens vir die doel van die werkgewer se besigheid/boerdery;
- Werkende direkteur van 'n Maatskappy of lid van 'n Beslote Korporasie/ Beheerliggaam, wat 'n diens- of vakleeringskap- of leerlingskapkontrak aangegaan het, vir sover die werknemer optree binne die bestek van sy/haar diens ingevolge sodanige kontrak. (Uitgesonderd aandeelhouers of "rustende vennote" wat <u>slegs</u> dividende betaal word of in winste deel.)

**NB. 'n Alleeneienaar of vennote in 'n besigheids/boerderywerksaamheid word nie beskou as "werknemers" soos beskryf in die Wet nie en hulle verdienstes (personeel kostes / salarisse en lone) moet dus nie verklaar word nie.**

Iemand wat deur 'n arbeidsmakelaar verskaf word, teen betaling vir 'n kliënt vir die lewering van 'n diens of die verrigting van werk en vir welke diens of werk sodanige persoon deur 'n arbeidsmakelaar betaal word, is 'n werknemer van die arbeidsmakelaar. Die verdienste van sodanige persone moet nie ingesluit word in die kliënt se "Opgawe van Verdienste" nie.

## WAT IS VERDIENSTE (PERSONEEL KOSTES/SALARISSE & LONE) SOOS BEDOEL IN DEEL 2

Verdienste is ***alle*** betalings wat gereeld, voor enige aftrekkings, hetsy in geld of *in natura*, gedoen word aan werknemers.
**Die volgende lys is nie volledig nie, maar is slegs bedoel om sekere vergoedingsitems uit te lig, waar twyfel oor die insluiting of uitsluiting kan bestaan.**

**Ingesluit** in die bruto verdienste voor enige aftrekkings is die volgende:

- Oortyd van 'n <u>gereelde</u> aard, (nie onderbroke of onreëlmatige oortyd).
- Bonusse van enige soort, insluitende aansporingsbonusse en jaarlikse bonusse.
- Kommissie, alhoewel die bedrag van maand tot maand kan wissel.
- Die kontantwaarde van voedsel en huisvesting verskaf aan werknemers as deel van 'n vergoedings-pakket. Kontantwaarde van byvoordele soos 'n maatskappymotor, gratis akkommodasie of akkommodasie teen afslag, ens.
- Reis-en ander toelaes wat <u>gereeld</u> betaal word as deel van die pakket.
- Waar die werknemer vergoed word ooreenkomstig 'n voordelepakket waar al die items deel van die pakket vorm, buiten die werkgewerbydraes soos bydraes tot 'n mediese fonds.
- Verdienste/trekkings wat betaal word aan **<u>werkende</u>** direkteure van 'n Maatskappy of lede van 'n Beslote Korporasie. (Om afsonderlik verklaar te word in Item 2.2.2). **Heg 'n lys aan met die name, ID-nommers en adresse.**

**Uitgesonderd** is die volgende:

- Terugbetalings van 'n vergoedende aard.
- Oortyd <u>soms</u> gewerk.
- Betalings vir spesifieke eenmalige take wat nie deel vorm van 'n werknemer se normale pligte nie.
- *Ex gratia*-betalings
- Ontasbare byvoordele soos die belasbare deel van mediese hulp/pensioenbydrae deur die werkgewer, ens.
- Betalings om <u>spesiale</u> uitgawes soos reis- en verblyfkoste, middagetes en koste vir besigheidsvergaderings.
- Reis- en ander uitgawes wat by geleentheid betaal word.
- Winsdeling van Direkteure/Lede.

## FINALE VERDIENSTE: Indien besigheidverkoop/gestaak/gelikwideer/gesekwestreer of eienaar oorlede is:

**Dui die datum in die toepaslike spasie op die voorblad aan (item 1.13) en verklaar die finale verdienste wat tot daardie datum betaal is.**

## MINIMUM AANSLAG ARTIKEL 83(2)(B)

As gevolg van stygende koste is die minimum aanslag vir 2016– 2017 verhoog tot **R 1080** per jaar.

## GOEIESTAND BRIEF.

Hierdie brief kan slegs skriftelik versoek word sodra die werkgewer aan die vereistes van die VBBS Wet voldoen het, naamlik:

- Die huidige opgawe van verdienste ingedien is.
- Aanslag is betaal of reëlings is getref vir paaiemente.
- Aansoek vir Goeiestand sertifikaat kan aanlyn gedoen word by https://cfonline.labour.gov.za/Online Submissions
- "Username" en wagwoorde is dieselfde as wanneer opgawes van verdienste aanlyn ingedien word.
- Gebruik die 99…. Nommer as die CF registrasie nommer om u maatskappy te Koppel vir die aanlyn goeiestand sertifikaat

## WEBTUISTE

Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, 1993 en Wysigings is op die webtuiste beskikbaar by **http//www.labour.gov.za**


**AANLYN INDIENING VAN DIE OPGAWE VAN VERDIENSTE.**

Die aanlyn indiening van die Opgawe van Verdienste is deur hierdie kantoor bekend gestel.

- Gaan in op www.labour.gov.za en klik op "online services block/tab" klik op "





" en op die volgende skerm klik op




" om te registreer.

- Vul die vereiste velde in en "apply"

- Daar is ook 'n proses met 'n vloeidiagram




op die webtuiste wat die stappe verduidelik.

- Indien u enige problem ondervind stuur asb 'n e-pos aan roe@labour.gov.za